

Die Korona-virus veroorsaak wêreld-paniek

Wat wag op Suid-Afrika?

Dat die gesondheidstoestand wêreldwyd krisisaanmetings aanneem, sal geeneen betwyfel nie. Dat dit die lewe van elke mens raak, is ook 'n voldonge feit.

Maar in tye van so 'n krisis, net soos in 'n oorlogsituasie, is daar deurlopend wisselende kommentare, kritiek en meer vrae as antwoorde. Ongelukkig is daar altyd ook diegene wat enige toestand sal uitbuit tot persoonlike voordeel en verryking.

Wat die hantering van die toestand in Suid-Afrika betref, sê die bekende ekonoom, Dawie Roodt, dat die virus 'n "handige verskoning" vir die ANC is om "sy tekortkominge en wanbestuur van die verlede te probeer verbloem". Roodt wys daarop dat Suid-Afrika se ekonomie voor die uitbreek van die virus reeds baie diep in die moeilikheid was as gevolg van redes wat meestal deur die ANC-regering self veroorsaak is.

Hy wys ook daarop dat die gevaar bestaan dat die tydelike maatreëls vir die beheer van die virus, permanent kan word. Dit kan gebeur dat ons na die krisis met 'n groter en steeds ondoeltreffende staat gaan sit.

'n Baie belangrike saak wat Roodt aanraak, is die feit dat die private mediese dienste moes ingryp om te help met die stryd teen die virus. Roodt waarsku dat die gevaar bestaan dat dit die begin van die nasionalisering van private gesondheidsorg kan beteken — iets waarvoor die ANC al lankal sy lippe aflek.

Mnr Fritz van Graan, onderleier van die HNP, het op elkeen 'n beroep gedoen om versigtig te wees en veilig te lewe. Hy sê dit sou beter gewees het as die staat die krisis op 'n gebiedsbasis hanteer het. Die fokus moes wel op die stedelike gebiede val, maar plattelandse besighede gaan baie ernstig deur die inperkingsmaatreëls geraak word.

Die voorsitter van die HNP, mnr HF van der Schyff, sê die virus gaan elkeen se lewens raak. Wat baie bekommer, is die feit dat die ekonomie nog swakker gaan word. Die uitbreek van die virus het egter Ramaphosa se lewe as president verleng. In hierdie krisis gaan hy ook agterkom watter van sy ministers bevoeg is om in die kabinet te dien. Mnr van der Schyff sê

hy verwag 'n kabinetskommeling na afloop van die krisis. Die staatshoof gaan in 'n posisie wees om baie sterker teen sy opponente binne die ANC te kan optree.

Mnr Louis van der Schyff, hoofsekretaris van die HNP, het hom skerp uitgespreek teen die manier waarop die staat se Solidariteitsfonds aangepak is. Met die aankondiging is bekendgemaak dat twee groot sakemanne, Oppenheimer en Rupert, elk R1 miljard in die fonds gestort het en die staat slegs R150 miljoen. "Waar is die skatryk swart sakemanne?", het mnr Van der Schyff gevra. Daar word dikwels gespog hoe sterk van die swart sakemanne finansiël is. Toe daar egter dringend geld nodig is om lewens te red, was die staat nie in staat om dit te doen nie en het die swart sakemanne in al elf tale geswyg".

Mnr Van der Schyff het hom ook skerp daarvoor uitgespreek dat die staat nou die verantwoordelikheid het om 'n noodfonds te stig, maar toe die land die afgelope jaar (en selfs langer) die ergste droogte denkbaar beleef het, was daar geen krisis-toestand en geen fondse vir boere beskikbaar om te kan oorleef nie. Landbouverenigings, kerke, boere onderling en ander blanke gemeenskappe moes inspring om fondse bymekaar te maak in 'n poging om boere in die droogtegebiede by te staan.

• Die HNP doen 'n beroep op almal om hulle beweging tot die minimum te beperk en onnodige kontak met ander sover moontlik te vermy.

Werda Gastehuis

- * Akkommodasie in Upington.
- * Gratis parkering op perseel.
- * Elke kamer is toegerus met 'n platskerm TV en 'n ketel.
- * Alle kamers het bad- of stortgeriewe.
- * Naaste lughawe is Upington Lughawe, 5km ver.

+27 823380934

admin@werdakamers.co.za

Ramaphosa misluk weer

Daar bars nog 'n seepblaas van die sogenaamde Ramaphoria. Die eerste een was toe hy aan bewind gekom het en die land en wêreld gedink het hy is die redder op die wit perd. Wel, hy was nie.

Spoedig was dit duidelik dat hy geen maatreëls in plek stel om staatskaping te bekamp nie. Inteendeel. Staatskaping gaan voort in die vorm van kommissies van ondersoek, soos die Zondokommissie, wat die land verdere miljoene of selfs miljarde kos.

Met die Korona-virus, wat by sy maatjies in Sjina ontstaan het, was sy optrede ook maar onstabiel. Ramaphosa is daarvoor bekend dat hy nie maklik besluite neem nie, veral nie as dit moeilike besluite is nie. Dus, die eerste was om 'n soort noodtoestand aan te kondig, waaronder hy restaurante kon beperk in hulle sake. So al as of die Korona gekoppel kan word aan alkohol...

Nou is die land op slot gesit, wat beteken dat niemand sonder geldige rede enigsins mag beweeg nie. Die regulasies is intussen so wyd oop

soos die Heer se genade, dat in wese enigiemand wel kan beweeg. Almal het toegang tot kos en noodsaaklike dienste kan voortgaan. Te veel instellings is egter as noodsaaklike dienste geklassifiseer, wat beteken dat die speelveld wyd oop is.

Baie binnekort sal dit dus blyk dat die toesluit van die land nie die gewenste uitwerking gaan hê nie, en dan gaan Krygswet die volgende stap wees.

Die erge situasie wat verwag word, moet egter volledig voor die deur van Cyril Ramaphosa gelê word. Hy het die toonbeeld van totaal impotente leierskap getoon, al het die linkse media en kopdoek kommentators gejuig oor sy professionaliteit en staatsmanskap.

Die feit is: in so 'n ernstige toestand moes onmiddellike en nie uitgestelde optrede nie nodig gewees het. Hy moes die leierskap en staatsmanskap getoon het en Sondagaand die land summier op slot geplaas het. Inteendeel. Hy was weer eens laat vir sy media-konferensie, wat uiteindelik met 'n dag aangeskuif is. Eers Maandagaand kondig hy die land se toesluit aan, en gee nog drie wanordelike dae voor dit gebeur.

In daardie drie dae is daar paniek-aankope by winkels, waar derduisende mense meteens bymekaar gedwing word, en waar die oordrag van die virus 'n groter gevaar word. Verder gee dit miljoene van die massas die geleentheid om te beweeg soos en waar hulle wil. Nou is die virus eensklaps die hele land vol, en intussen kan die laboratoriums wat die virus moet toets, nie voorbly nie, en wag mense alreeds in sekere gevalle meer as 'n week voordat hulle weet of hulle besmet is of nie.

Dit is die biologiese kant. Ramaphosa het daardie kant se toets gedruip. Hy is persoonlik verantwoordelik vir die te verwagte enorme verspreiding van die virus, weer eens omdat hy nie besluite kan neem nie. Sy kieserskorps bly vir hom die belangrikste.

Die ander aspek, en dit is internasionaal gesien, is dat die hooggeroemde menseregte wêreldwyd vertrap word. Skielik is mense se beweging aan bande gelê en vryheid van spraak word ingeperk, want om die virus te bevraagteken, is ongeveer so erg as om die Holocaust te bevraagteken. Hier is iets groter agter as net 'n virus. Wêreldmagte toets nou die verdraagsaamheidsvlakke van die bevolkings. Dit is 'n groter probleem as 'n mediese probleem.

Perspektief deur Gawie

Privaatsektor: Help!!

Die toestand wat nou wêreldwyd heers, het nie net nou op elke mens en elke staat 'n krisis-uitwerking nie. Enigeen kan seker met 'n groot mate van sekerheid voorspel dat wanneer die uitwerking van die virus tot bedaring gekom het, die uitwerking daarvan baie ander gevolge sal nalaat. Die grootste daarvan sal die ekonomiese ineenstorting wees. Daar word reeds gepraat van 'n wêreldwye depressie.

Die saak waaroor Gawie baie nadink, is politieke verantwoordelijkheid en verantwoordelike landsregering en -bestuur.

Die Afrikaner het oor die jare nooit gehuiwer om kritiek uit te spreek nie. Lesers sal seker nou vir Gawie verwyt en sê dat die kritiek vir eers maar eenkant toe geskuif moet word.

Wat het in Suid-Afrika gebeur nadat die politieke mag aan die ANC oorhandig is? Die staat het prakties ekonomies bankrot geword. Die een ondersoek na die ander word gedoen na korrupsie. Instandhouding van noodsaaklike instellings is nie gedoen nie (bv Eskom).

Wetgewing is ingestel om die oprigting van nuwe besighede en sake-ondernemings moeilik te maak. Voorskrifte oor swart bemagtiging, meerderheidsaandeel en die samestelling van die personeel op 'n rasse-voorskrif het die groei van die sake-sektor ingeperk. Dit het gelei tot steeds groeiende werkloosheid in Suid-Afrika — die grootste in die wêreld.

Daarteenoor is baie meer personeel as wat nodig was, by groot staatsinstellings soos die SAL aangestel. Dit het bygedra tot die finansiële ineenstorting van die SAL en het nie juis 'n ingrypende verskil gemaak aan die werkloosheid nie.

Die denkrigting van die staat was om beheer te kry. Beheer van die politieke mag, maar ook van instellings en veral van die ekonomiese mag. Hierdie smag na mag het daartoe gelei dat die grondwet verander moet word om ook besit en beheer oor die individu se eiendom en bates te kry.

En toe tref die virus die wêreld en ook Suid-Afrika. Die nodige voorsorgmaatreëls moet in plek kom. En dit kos geld, baie geld. En die staat het nie die nodige fondse nie. Soos die res van Afrika, het Suid-Afrika nie die middele om sy mense te beskerm nie.

Wie moet help? Die privaatsektor. Die oproep is dat die privaatsektor, sakemanne en individue moet help. Groot blanke sakemanne het onmiddellik miljarde rande tot 'n fonds bygedra. Die staat kon slegs R150 miljoen bydra. Die name van skatryk swart sakemanne was nie op die donateurslys nie.

Die virus het natuurlik die ANC en veral die ANC-staatshoof, Ramaphosa, se politieke lewe verleng — vir die oomblik dalk gered.

Die vraag wat Gawie vra, is dit: Gaan die ANC-regeerders leer uit hierdie gebeure? Gaan hulle na dese met groter omsigtigheid regeer, of gaan hulle juis die toestand, paniek en maatreëls wat ingestel is, gebruik om 'n groter houvas op die land en sy bates te kry?

Die toekoms sal leer.



Terug na die grense tussen state

Radionuus van RSG rapporteer kort na die uitbreek van die Korona-pandemie dat 'n nuwe grensheining tussen Suid-Afrika en Zimbabwe opgerig gaan word. Die vorige sekuriteitsheining wat sowat dertig jaar gelede deur die ou Suid-Afrikaanse Weermag opgerig is, het oor die afgelope dekades verwaarloos geraak. Dit is op talle plekke deur skelms en indringers afgebreek, en was lankal on-effektief. In aller yl word daar nou beplan om die heining van nuuts af op te rig. Volgens die SANW sal dit help om onwettige “immigrante” te keer, en veral *smokkelaars*.

Die vraag kom onmiddellik op: Waarom is daar toegelaat dat die heining onbruikbaar en nutteloos geraak het? Was die smokkelhandel en diefstal deur Zimbabwiërs nie genoeg rede om die heining in stand te hou nie? En voorts: Was die toestroming van indringers wat onwettig oor die grense kom, nie al genoegsame rede om die heining in stand te hou nie?

Die waarheid is dat die ANC/SAKP-regime sedert 1994 die fiksie voorgehou het dat vrye beweging goed is vir die land, dat toestroming nie werklik gekeer hoef te word nie.

Iets soortgelyks het in die gebied van die Europese Unie gebeur: grense is sedert die 1980's beskou as onnodig en oorbodig. In Amerika word daar elke jaar 'n lotery gehou waaraan enigeen van oor die wêreld kan deelneem. Die prys is dan 'n groenkaart aan duisende vreemdelinge, wat toestemming verleen om permanente verblyf in Amerika te bekom.

Hierdie liberale dwaasheid kom ook al lankal onder druk. Vanaf die sestigerjare het die instroming van Turke as gasarbeiders na Duitsland ernstige kulturele verset uitgelok. Sedert jaar 2000 het die Britte al meer ongemaklik geraak met die EU en dit het gelei tot die Brexit-referendum, die demokratiese besluit dat Brittanje moet onttrek uit die Europese Unie — onder andere vanweë die onbeheerde toestroming van indringers na Brittanje.

Die afgelope tyd hoor ons hoe grense in Europa weer as streng beheermaatreëls toegepas word. Sulke grense tussen nasionale state is oor 'n lang periode as iets heeltemal oorbodig voorgestel. Dit het kwansuis “onaanvaarbare diskriminasie” teen vreemdelinge beteken, al was dit goed bekend dat smokkelaars, terroriste, vlugtlinge

en sogenaamde migrante daarvan misbruik gemaak het. Nou is daardie beskouing sonder meer by die venster uit, op grond van vrese vir die Covid19-virus.

Met die uitbreek van die jongste virus-krise, het talle lande ook hul lugruim probeer afsluit deur lughawens aan ernstige maatreëls te onderwerp. Landsgrense is andermaal die eerste verdedigingslinie teen die ongewenste beweging van mense. Hierdie maatreëls is sonder meer ingevoer en dit het byna geen protes of verset uitgelok nie.

Dit was lankal nodig dat teen hierdie gevare voorbereidings getref moes word. In 2016 het Donald Trump die Amerikaanse presidentsverkiezings gewen, onder andere op grond van sy belofte dat 'n muur gebou sal word tussen Amerika en Mexiko. Oor daardie grens het Mexikane onbeheers na die VSA gestroom, juis na die land wat deur die Witman beskaaf en opgebou is.

Suid-Afrika het iets soortgelyks ervaar. Mynwerkers uit Malawi, Mosambiek en Zimbabwe kom al van die jare vyftig as tydelike werkers na ons land; maar, onder instromingsbeheer is hulle nie toegelaat om hulself hier te vestig nie. Dieselfde was die geval met werkers uit die tuislande.

Instromingsbeheer is deur ons vyande veroordeel te midde van die giftige aanslag teen apartheid, waarin daar geredeneer is dat dit onregmatige diskriminasie sou wees en eintlik 'n “sonde teen die mensdom” is.

Teen die laat 1970's en die 1980's het die NP-regering sodanige instromingsbeheer begin verslap, en het hulle dié roekelose beleid “ordelike verstedeliking” begin noem.

Na 1994 is die praktyk net voortgesit. Tuislandontwikkeling is gestaak en miljoene werklose Swartes het na die blanke gebiede gestroom. Gou het Swartes uit die res van Afrika ook deel van hierdie instroming geword. Een van die gevolge daarvan was die bloedige interne geweld deur plaaslike Swartmense teen die vreemdelinge uit Afrika, gebeure wat toe baie eufemisties as “xenofobia” bestempel is.

Noudat Suid-Afrika bedreig word deur die gevare van die Korona-pandemie het die regering streng beheer ingestel. Daar sal gesien moet word of die aangekondigde maatreëls kan slaag, want die feit is dat die gesondheidsrisiko oor die jare enorm verhoog is deur die slap beheer van ons landsgrense en die afwesigheid van 'n ordelike bevolkingsbeleid.

Dit was een van die doelwitte van die beleid van afsonderlike ontwikkeling om onbeheerde toestroming na die blanke gebied en na die groot nywerheidsentra van Suid-Afrika te keer. Die ANC-SAKP-bewind beskik nie oor die vermoë om gevare soos pandemies, etniese konflikte, smokkelary, misdaad en plakkery stop te sit nie.

Tog wil hulle nou die heining tussen Suid-Afrika en Zimbabwe herbou. Wat van die res van die lande om ons? Goeie grense is weer in die mode, maar besef hierdie regering wat dit verg?

So is ons verraaï (16)

Uit: Kruger, Paul: *Settlement of the Boer-Afrikaner People's claim to territorial self-determination: Inviting international intervention.* (Verkrygbaar by Chantal Kruger, VVK-kantoor, tel. 079 740 7214).

APARTHEID, 1948-1994 (7)

Onderwys

- i. Vir die anti-apartheid aktiviste is die sogenaamde “minderwaardige Bantoe onderwysstelsel” waaraan Swartes onderwerp sou wees, ’n geliefde onderwerp. Die waarheid is, soos gewoonlik, ’n ander storie, en dit word deur sekere post-apartheid swart leiers soos dr. Mamphela Ramphele, mediese dokter, akademikus en moeder van twee kinders by Steve Biko, erken. Die president van die *South African Teachers Union* (SADTU), Thobile Ntola, het haar standpunt herhaal toe hy in 2012 opgemerk het: “*Not everything was wrong with Apartheid education. Successive ANC governments destroyed the educational institutions they inherited*”(www.sabc.co.za/news/a/.../Apartheid-education-was-not-that-bad; Mail & Guardian, 23 March 2012).
- ii. Toe die apartheidsregering aan bewind gekom het, was swart onderwys meestal in die hande van dosyne godsdienstige organisasies. Hulle is deur die regering swaar gesubsidieer — uiteindelik tot so veel as 90%. Alhoewel daar sommige prysenswaardige pogings was, was die algemene status van swart onderwys sorgwekkend, veral in die inrigtings wat deur die Engelse kerke (wat die meerderheid gevalle uitgemaak het) bedryf is: baie kerke het die regeringsubsidies vir hulle eie doeleindes aangewend in plaas van vir die onderwys; daar was nie eenvormige leerplanne en standaarde nie; dit het nie die uiteenlopende behoeftes en tegniese opleidingsvereistes van ’n moderne industriële ekonomie bevredig nie; en het die beginsel van moedertaalonderrig en kulturele aspekte van die gemeenskappe waaruit die kinders gekom het, heeltemal geïgnoreer. Terwyl swart sosio-ekonomiese ontwikkeling om die redes hierbo genoem, ’n prioriteit van die regering was, kon die NP-regering nie hierdie stand van sake aanvaar nie. Die subsidies is gestaak en swart onderwys is van die sendelinge oorgeneem en met die *Bantoe* (later “Swart”) *Onderwyswet No 47 van 1953* onder staatsbeheer geplaas (*Departement van Inligting: 66; Jonker: 212*). Dié besluit het die Engelse en Kattolieke kerke baie ernstig gegrief, en hulle venynige aanvalle op die apartheidsregering vir alles en enigiets daarna, het onverpoos voortgeduur tot en met die val van die NP 40 jaar later. Bantoe onderwys het, om die waarheid te sê, sommige van die mees historiese uitbarstings in die anti-apartheidskringe ontlok, en in die belaglikste gevalle was dit selfs ’n “bedreiging vir wêreldvrede” genoem.
- iii. Die NP het die Britse idee om onderwys te misbruik om ’n kind van die kultuur waarin hy gebore is, te vervreem, verwerp. Die regering het intendeel geglo dat onderwys in sy eie kultuur gewortel moes wees sodat die kind die hoogste vlakke van ekonomiese en psigologiese ontwikkeling kon bereik (*Sauer verslag: 6, 11-12*).
- iv. As gevolg van, en in ooreenstemming met sy onderwysbeleid vir ander rasse, het die regering na moedertaalonderrig in swart skole oorgeskakel. Vanweë die geweldige verskil tussen die Negroïede en Kaukasiese rasse — ook in terme van wetenskaplike en tegnologiese ontwikkelingsvlakke — het swart tale nie oor die nodige vakterminologie beskik nie. In plaas daarvan om die tale om dié rede eenvoudig te verwerp, het die regering ’n lys van sowat 8 000 terme en woorde ontwikkel, en sodoende die funksionering en kodifisering van die Swartman se taal, wat die Witman al sedert die 1800’s begin het, voortgesit.
- v. Voorts het die regering die swart gemeenskappe as onderwysers en bestuurders van skole betrek deur middel van skoolkomitees wat uit die gemeenskappe en ouers van die skool gekies is. Bestuur op ’n hoër vlak is deur skoolrade behartig wat uit die verskillende swart skoolkomitees onder hulle gesag gekies is.
- vi. As gevolg van die swart bevolkingsontploffing het swart onderwys ’n buitengewone uitdaging daargestel. Nogtans het die apartheidsregering op ’n merkwaardige wyse daarmee tred gehou. In die middel van die vyftigerjare het 40% van swart kinders skoolonderrig ontvang terwyl die regering van Indië slegs aan 25% van sý kinders onderwys gebied het. Hierdie gunstige persentasie het in die daaropvolgende dekades bly styg.
- vii. Teen 1950 het die apartheidsregering meer van die blanke belastingbetalers se geld aan swart onderwys bestee as die gesamentlike onderwysbegrotings van Tanzanië, Uganda, Kenia en Nigerië, wat ’n bevolking van 6 keer groter as dié van Suid-Afrika gehad het. Dié tendens het in die dekades wat sou kom, net toegeneem, (Vervolg op bladsy 8)

Moet apartheid verdedig word?

— die groot Afrikanerdebat herlewe

Deur mnr Meinhard Peters

Wie onthou nog die oorverhitte Afrikanerdebatte wat losgebars het in die jare tussen 1994 en 2006? Dit het 'n hoogtepunt bereik toe die oorgrote meerderheid JA-stemmers tot die besef gekom het dat hulle uit hul politieke mag gekul is, en dat die nuwe grondwet nie gaan berus op konsensus, demokratiese waardes, menseregte en 'n regverdige plek vir almal onder die son nie.

Die NEE-stemmers het dit natuurlik reeds in 1990-1992 geweet en het met groot helderheid van begrip daarteen gestem. Daar het egter nog groepies Afrikaners oorgebly (oud NP-lede, die afgesplinterde Vryheidsfront en KP-manne) wat nog deperaat geglo het dat hulle 'n plek vir die Blankes en 'n stem vir die Afrikaners kan beding in die nuwe bedeling.

Dan was daar ook die “nuwe Afrikaners” wat aanvaar het dat die 1996-grondwet inderdaad 'n meer regverdige bedeling daargestel het as die “apartheidsbewind”, en dat Afrikaners eenvoudig moet aanvaar hulle is 'n permanente minderheid in die land, dat hulle liever moet vergeet van Afrikanervryheid. Hulle het nog binnensmonds gepraat van selfbestuur en selfbeskikking, maar het gou afgesien van die gedagte aan 'n volkstaat. 'n Goeie toekoms sou dan onder die nuwe grondwet beding kon word op grond van die reg op “kulturele selfbeskikking”.

Hierdie groepe het almal verklaar dat hulle nie meer apartheid ondersteun nie, en dat hulle rassisme verwerp.

Met sulke opvattinge in die openbare arena was dit vir die meerderheid Afrikaners 'n soort verlossing om van apartheid (en die skuldgevoel daarvoor) bevry te word. Die ANC-SAKP het hulle egter nie erken as **bekeerdes** nie; en selfs FW de Klerk (wat die hele rewolusie van 1990-1994 moontlik gemaak het) word vandag nog uitgekryt as 'n rassis, 'n massa-moordenaar of 'n onbekeerde apartheidsmisdadiger, iemand wat weier om te bieg.

Oor die afgelope weke het ons gesien hoe die veroordeling van apartheid met nuwe vuur en ywer deur die ANC en die media aangewend word om veral Afrikaners by te kom en hulle andermaal in die beskuldigdebank te plaas. Sekere Afrikaanse koerantredakteurs was nogal op die voorpunt van hierdie jongste stormloop.

Hoe moet regskepe Afrikaners hierop reageer? Dit is alom bekend dat die meeste Afrikaners baie gefrustreerd voel in Suid-Afrika — die verligtes se

planne het misluk, al was dit in baie opsigte goedbedoelde planne om die nuwe bedeling te laat slaag.

Baie Blankes het die misdaad en geweld aan eie lyf gevoel, families moes lewens afstaan aan moorddadige bendes wat plaasaanvalle gebruik het om vrees onder Witmense in te jaag. Blanke plakkerskampe het ontstaan, en vir die eerste keer in die geskiedenis is daar oral op straat Blankes wat staan en bedel. Daarby het honderde-duisende Blankes sedert 1994 geëmigreer.

Ek dink daar rus op elke Afrikaner 'n plig om hom of haar te vergewis van die waarheid oor apartheid voordat hulle uitsprake daarvoor maak. Hulle behoort ten minste die toesprake van iemand soos dr HF Verwoerd te lees, toesprake wat nou volledig in twee bundels beskikbaar is. Hulle kan ook naslaan wat die motivering van die drie Afrikaanse susterskerke was, kerke wat sedert die 1940's oor die beleid van segregasie, voogdyskap, apartheid en afsonderlike ontwikkeling in diepte besin het.

Die debatte in die Volksraad oor die wetgewing wat na 1948 ingestel is, verskaf verdere belangrike agtergrond tot die hele geskiedenis, en dit staan opgeteken in *Hansard*. Kennis is die noodsaaklike voorwaarde vir 'n sinvolle debat en redelike gesprek oor apartheid; anders word daar maar net swaarde gekruis met pampoenspokene en word allerlei strooioppe opgestel.

Ongelukkig gebeur dit nou ook in sogenaamde “regse geleedere” of “konserwatiewe kringe”, waar sommige Afrikaners reken hulle is slimmer as leiers soos generaal JBM Hertzog, dr DF Malan, adv JG Strijdom en dr HF Verwoerd. Met die uitnemende hoedanighede en kwalifikasies van daardie vier volksleiers in gedagte, is dit moeilik om te dink dat hulle nou eenkant geskuif kan word as mense wat onder allerlei illusies geleef het.

Ons staan werklik voor 'n waterskeiding wat hierdie debat betref. Kan ons volk ooit bekostig om saam in die koor te sing teen die “onregte van apartheid”, en dan nog hoop om 'n geloofwaardige saak uit te maak vir ons Afrikanerverlede, ons Afrikaner voorgeslagte se heldedade, en die edele erfenis van Afrikanerskap? Want as apartheid in sy ware betekenis immoreel was, dan was daardie geslagte en hul leiers almal immoreel, en dan moet ons liever afskeid neem van die naam Afrikaner, soos baie in die praktyk reeds besig is om te doen.

(Blaai om)

Maar natuurlik: dan is dit nie net Afrikaners wat sal moet terugval nie, maar die hele Blankedom wat hulle tans teen die grootskaalse instroming van vreemde volke, vreemde rasse en godsdienste moet verweer.

Dit staan soos 'n feit wat in graniet gekap is, dat Afrikaners nie net teen vermenging was oor iets oppervlakkigs soos “velkleur”, of omdat hulle “hatige rassiste” was nie. In elke kontaksituasie het die swart volke hulself geopenbaar as anderssoortig — wat hul afkoms, geskiedenis, beskawingspeil, godsdienste, taal, gebruike, moraliteit, en lewensuitkyk aangaan. Dit is vandag glashelder dat daardie verskille tussen die rasse en die inheemse kulturele bevolkingsgroepe nie verdwyn het nie. Dit verg mos net Volkekunde 101 om te weet, nie waar nie?

Waarom is Afrikaners dan nog steeds besig om iewers te probeer wegkruip tussen die korrupte bedeling van vandag en ons eie geskiedenis, en nie bereid om op te staan vir dit wat reg en waar is nie? Wat wel verander het, is dat Afrikaners van hul spraakvryheid beroof is, soos hulle ook van hulle politieke vryheid beroof is. Dit is dié verandering wat baie Afrikaners nou bevrees maak om apartheid hoegenaamd te verdedig.

Waarby ek graag wil uitkom, na hierdie lang inleiding, is by die artikel deur die voorsitter van Solidariteit, mnr Flip Buys, soos gepubliseer in *Rapport* van 15 Maart 2020. Baie Afrikaners het respek vir hom oor sy konkrete weldade aan die Afrikaanse gemeenskap; maar Flip se argumente oor apartheid kan werklik nie water hou in die lig van ons volk se geskiedenis nie. Jammer genoeg.

Om sy argument oor apartheid te volg, moet lesers Flip Buys se hele artikel in *Rapport* lees, hulle sal dan beter begryp waaroor hierdie gesprek gaan. Hulle sal o.a. opmerk dat Flip homself sterk uitspreek teen die verdagmaking wat van die ANC se kant teen die Afrikaners van stapel gestuur word, teen die giftige propaganda en onregverdige aanklagte wat ons daagliks oor apartheid hoor. Wat sommige van hierdie argumente teen die linkse orde betref, is ons dit met hom roerend eens. Sy betoog teen die valsheid van die ANC-regime is heeltemal in die kol, en daarmee twis ons nie.

Ons beswaar gaan oor iets anders. Dit gaan oor die beeld wat hy van apartheid in sy artikel skep; naamlik dat dit wel onregverdig was, dat dit moreel verkeerd was, en dat dit nou die plig van elkeen is om regstelling te maak werk. Hy vereenselwig hom hoegenaamd nie met die beleid van apartheid nie, en kan daarom die ANC verkwalik dat hulle “die onreg van die verlede” met 'n “nuwe onreg” probeer

regstel. Met die “onreg van die verlede” word niks anders bedoel as die “onreg van apartheid” nie.

Baie van wat hy oor apartheid skryf, word eerder geïmpliseer as reguit uitgespel. Die boodskap lui in kort dat ons nou in 'n nuwe tydvak is, 'n nuwe era waar die beleid van apartheid as *immoreel* en as *'n onreg* beskou moet word. Apartheid behoort tot die geskiedenis. **Dit moet nie verdedig word nie; dit moet net verduidelik word.** Dit is dié opvatting wat 'n gevaarlike slaggat is om in te trap, want daarmee gee Solidariteit sy betoog vir selfbeskikking en selfbestuur in beginsel prys.

Selfbeskikking en selfbestuur kan nie anders as om op 'n duidelike *onderskeid* tussen groepe te berus nie; en sodanige onderskeid is per definisie *diskriminasie*. Kyk gerus na die werklike betekenis van die woord. Een woordeboek beskryf dit as “die vermoë om die verskil tussen dinge raak te sien”. Die begrip diskriminasie kom oorspronklik van die Latynse woord *discriminare*, wat beteken “om te onderskei tussen”, of “om onderskeid te tref”. (Verwys: *Glynnis Chantrel, 2002. Oxford Dictionary of Word Histories. Oxford University Press.*)

Hoe kan 'n organisasie kulturele selfbeskikking, selfbestuur en outonomie in eie lewenskringe bevorder wanneer jy toegee dat jy nie onderskeid mag maak nie, dat onderskeid verkeerd is, dat dit 'n onreg is, dat dit bots met internasionale opvattinge? Ongelukkig sal die liberale wêreld elke keer die argument teen jou wen. En dan is ons Europese rasgenote ook moreel verkeerd in hul spontane verset teen die oorstroming van nasionale state deur allerlei vreemdelinge uit Afrika, Asië en die Arabiese state.

Flip Buys beklemtoon in *Rapport*: “Verduidelik is nie verdedig nie”, en gaan voort om 'n bepaalde agtergrond te verskaf t.o.v. die historiese konteks waaruit apartheid ontstaan het. Buys het in die verlede al verklaar **dat apartheid nie verdedig moet word nie, maar net verduidelik moet word.**

Vir diegene wat die volksleiers van destyds respekteer, is dit 'n klap in die gesig. Wat ons leiers geglo, gesê en gedoen het, kan volgens Flip Buys dus nie ondersteun word nie.

Kom ons kyk hoe die Afrikaners wat apartheid toegepas het, in die betrokke artikel beskryf word. Die skrywer deel die Afrikaners van daardie tyd in drie “aparte” groepe in: **die rassiste, die pessimiste en die idealiste.** Met elkeen van dié drie groepe word dan fout gevind. Die “rassiste” het geglo swart mense kan nie 'n moderne staat regeer nie en moet eers tot volwassenheid gelei word; die “pessimiste” het geskrik vir wat in Afrika gebeur het, en het geglo dat swart regering rampspoedig vir Suid-Afrika sou wees; die idealiste wou die swart

gebiede eers tot onafhanklikheid lei (die tuisland-beleid), en daarom het hulle “kwetsende raswette” gebruik wat net tydelik sou geld. Al drie groepe was volgens Buys eintlik op die verkeerde weg.

Volgens hierdie uiteensetting was daar geen realistiese leiers op die politieke toneel nie, nog minder mense wat bewus was van die “komende verskuiwing” in morele oordele binne die Westerse wêreld. (Terloops, mens hoef maar net dr Verwoerd se toesprake vanaf 1960 te lees om te besef hoe gebrekkig Buys daardie leiers verstaan. Reeds in sy antwoord aan Harold Macmillan in Februarie 1960 het dr Verwoerd die skeefgetrekte opvatting van die Britte oor morele eise aan die kaak gestel.)

Wat Flip Buys se argument impliseer, is dat Afrikanerleiers die wêreld verkeerd verstaan het in die jare toe die apartheidsbeleid sy beslag gekry het en as die goed-gebalanseerde beleid van afsonderlike ontwikkeling toegepas is. Kan daardie aanklag gehandhaaf word teen die hele falanks van kundiges, waaronder die volgende tel: die Sauer-kommissie, die werk van prof dr G Cronje, dr Werner Eiselen, die Tomlinson-kommissie, die kundiges in die department van Bantoe-administrasie, die navorsing van prof Nic Rhodie, die SABRA-leiers, prof dr PJ Coertze, prof HJJM van der Merwe, asook bekende volkekundiges van oorsee, soos prof Robert Gayre of Gayre? Kan Flip Buys ons oortuig dat daar onder hierdie manne nie realiste, morele mense, en knap wetenskaplikes was nie? Hulle beskouings was veral realisties oor die ernstige gevolge van vermenging, die roekelose pad wat in Afrika gevolg word met **Uhuru**, en die voorspelbare gevolge van swart meerderheidsregering.

Flip Buys gee geensins rekenskap van die grondverskuiwing na links binne die Nasionale Party wat kort na die sluipmoord op dr HF Verwoerd gevolg het nie. Die NP het apartheid lank voor die tagtigerjare begin afbreek. Deel daarvan was Pik Botha se

voeteval voor die VVO in 1974 toe hy verklaar het dat Suid-Afrika besig was om weg te beweeg van rassediskriminasie. NP-leiers het in die 1970's in pas probeer kom met die internasionale wêreld ten opsigte van menseregte en die aanklag van diskriminasie. Die mislukking van daardie benadering is nou deel van die geskiedenis. Die verligtes het hulself telkens net in 'n dieper gat ingegrawe. Die geskiedenis van die tagtigerjare toon dat dit nie die apartheidsbeleid was wat misluk het nie, maar juis die futiele pogings om apartheid te hervorm. Hervorming het ons vyande aan bewind gestel en die Afrikanervolk van sy staatkundige vryheid ontnem.

Die internasionale vyandskap teen Suid-Afrika was in vele opsigte nie teen die beginsel van apartheid nie, maar teen die Witman van Suider-Afrika, teen die feit dat die Blanke hier regeer het, teen die geskiedenis van ons volk, maar ook teen elke swart volk se reg op selfbeskikking.

Dit was 'n oorlog teen verskeidenheid. Om die blanke orde te vernietig, was Suid-Afrika se vyande bereid om sabotasie te pleeg, landmyne te plant, geboue af te brand, terroriste oor die landsgrense te stuur, Swartmense met brandende bande te verbrand, en om boere op hul plase te vermoor. Nooit word die geskiedenis van ANC-geweld in terme van moraliteit beoordeel nie; maar apartheid moet vroeg en laat in terme van moraliteit beoordeel word.

Sulke valse propaganda behoort aan die kaak gestel te word. Dit kan net gebeur as Afrikaners bereid is om apartheid te verdedig. Daar is genoeg redes waarom apartheid in beginsel verdedig moet word. Die leiers van daardie era moet geëer word vir hulle insigte en toekomsvisie, want hulle was die ware realiste van hulle tyd.

Met dank aan die
Instituut vir Kultuur en Geskiedenis.
16 Maart 2020

RIETBOKSTRAAT 2 POSBUS 298 THABAZIMBI 0380	 <p>S.J. PIENAAR PROKUREUR ATTORNEY</p>	2 RIETBOK STREET P.O. BOX 298 THABAZIMBI 0380
TEL: (014) 777 1618/87 FAKS: (014) 777 1618 FAKS NA E-POS: 086 614 1129 E-POS: spien@lantic.net		TEL: (014) 777 1618/87 FAX: (014) 777 1618 FAX TO E-MAIL: 086 614 1129 E-MAIL: spien@lantic.net
SCHALK JACOB PIENAAR B.PROC (U.P)		
LITIGASIE EN KOMMERSIËLE PROKUREUR / LITIGATION AND COMMERCIAL ATTORNEY AKTEVERVAARDIGER / CONVEYANCER		
WEBBLAD: www.sjpienaar.net		
PROKUREUR ATTORNEY	AKTEVERVAARDIGER CONVEYANCER	BOEDELBEREDDERAAR ADMINISTRATOR OF ESTATES
TAKSATEUR APPRAISER	ARBEIDSKONSULTANT LABOUR CONSULTANT	

HEINRÉ DE BRUIN

Die Moeitedoener



Kontak my vir 'n Mediese Skema of Skemaversterker wat so omvattend moontlik aan u behoeftes voldoen, teen 'n prys wat u sak pas. Of as u hulp en raad met u huidige dekking benodig.

082 953 3222 / 053 531 0123

Finansiële Diensverskaffer – Lisensie 8840

Eerste mylpaal van 25% bereik Verjaardagfonds

Die redaksie van *Die Afrikaner* en die lede van die HNP se Beplanningskomitee spreek hulle grootste dank en waardering uit teenoor elke leser en ondersteuner wat met soveel waardering *Die Afrikaner* lees. Die voorsitter van die HNP, mnr Hermanus van der Schyff, sê die bydraes tot die verjaardagfonds mag gering lyk, maar die feit dat daar deurlopend bydraes oorbetal word, is die aanduiding dat lesers ernstig is dat *Die Afrikaner* moet volhard om die boodskap van die vryheid van die Afrikanervolk uit te dra.

Hy sê dié standpunt en beleid van die HNP maak die HNP 'n besliste politieke alternatief omdat die HNP nie deel van die ANC-bestel vorm nie. Daarom is elke finansiële bydrae belangrik. Daarsonder kan *Die Afrikaner* nie voortbestaan nie.

Kommentare wat na elke uitgawe aan die redaksie gestuur word, getuig van die waardering vir dit wat in elke uitgawe gepubliseer word.

Die mikpunt van die fonds is R100 000. Die bydraes staan tans op R26 250. Die eerste kwart is reeds bygedra.

Ons erken met groot dank die volgende bydraes wat sedert die vorige aankondiging ontvang is.

Totaal van die vorige bydraes wat reeds erken is: R18 000

Mnr W Schutte	R 250
Mnr Evert du Preez	R 6 000
Mnr R Bamberger	R 2 000
Totaal:	R26 250

- Skenkings kan inbetaal word op die HNP se bankrekening. Die besonderhede is soos volg:
Absa Tjekrekening. Naam van rekening: HNP
Takkode: 632 005 Rekeningnommer: 020 001 348
Verwysing: Van, Voorletters, en *Die Afrikaner*
Stuur bewys van betaling na admin@hnp.org.za

**Om *Die Afrikaner* uit te gee, kos geld.
Met u finansiële bydrae kan u ons help om daarin te volhard.
Ondersteun ons asseblief!**

Apartheid

Van bladsy 4


sodat die \$150 000 000 (in VSA Dollar terme) wat gedurende die 1972/73 boekjaar op onderwys spandeer is (voordat dié begroting gedurende die 1980's die hoogste ingeskiet het), reeds méér as die totale nasionale begrotings van baie Afrikalande bedra het (*Departement van Inligting: 67-68*).

- viii. Daar word dikwels geargumenteer dat hoeveel die regering ook al aan Bantoe-onderwys bestee het, was dit per capita minder as wat aan blanke onderwys bestee is. Ofskoon daar met reg verwag kan word dat 'n regering belastinggeld primêr ten gunste van diegene wat die grootste bydrae tot sy inkomste maak, sal bestee, skep 'n vergelyking van die syfers in hierdie geval 'n valse beeld vanweë die samestelling van Suid-

Afrika se nasionale begrotings op daardie tydstep. Die bedrae wat aan wit teenoor swart onderwys in die nasionale begrotings toegeken is, kan naamlik nie Rand vir Rand vergelyk word nie, aangesien die wit onderwysbegrotingsyfers 'n massiewe kapitale uitgawe-komponent (soos die bou van skole en ander infrastruktuur) *ingesluit* het, terwyl kapitale uitgawes aan swart onderwys nie onder die swart onderwysbegrotingspos (Onderwys en Opleiding) ingesluit is nie, maar onder ander poste, soos dié van die Openbare Werke Departement.

- ix. In iedere geval het die begroting vir swart onderwys buite die tuislande die vinnigste groei van al die departemente van die apartheidsregering getoon: dit het met 'n verstommende 587% tussen 1965 en 1980 gestyg, en van 1980 tot 1992 met 1 584% letterlik ontplof (*Jansen: 162*). *(Word vervolgd)*

Woord en wêreld



In die beskerming van die Allerhoogste

Wat het Martin Luther tydens die pesepidemie in sy tyd geskryf? In November 1527 het Luther 'n aktuele geskrif opgestel onder die opskrif *Of 'n mens van die dood mag wegvlug*. Daarin het hy die vraag beantwoord oor die regte verstaan van Christelike liefde.

Hy het die argument van die aanvaarding van *die straf van God* gestel teenoor pligsontduiking. Luther het dit duidelik gestel dat van die Christene verwag word om handelend op te tree, terwyl hulle tegelyk op God vertrou.

Hy het dit gestel dat die plig tot naasteliefde 'n belangriker deug is as om weg te vlug ter wille van die behoud van die eie lewe, MAAR dat gesonde menslike verstand ook nodig is. Gesonde menslike oordeel is net so 'n belangrike Christelike deug soos die liefde. (Uit: *Martin Luther: 'n Inleiding tot sy lewe, denke en geskrifte deur prof IWC van Wyk, bls 247 tot 249*)

Mag ons as Christen-gelowiges ook met verantwoordelikheid en gesonde verstand en vaste geloof in die Almagtige God hierdie krisis hanteer.

Psalm 91

¹HY wat in die skuilplek van die Allerhoogste sit, sal vernag in die skaduwee van die Almagtige. ²Ek sal tot die Here sê: My toevlug en my bergvesting, my God op wie ek vertrou. ³Want Hy is dit wat jou sal red uit die net van die voëlvanger, van die verderflike pes. ⁴Hy sal jou dek met sy vlerke, en onder sy vleuels sal jy skuil; sy trou is 'n skild en pantser. ⁵Jy hoef nie te vrees vir die skrik van die nag, vir die pyl wat bedags vlieg nie, ⁶vir die pes wat in die donker wandel, vir die siekte wat op die middag verwoes nie! ⁷Al val daar duisend aan jou sy en tienduisend aan jou regterhand — na jou sal dit nie aankom nie. ⁸Net met jou oë sal jy dit aanskou en die vergelding van die goddelose sien. ⁹Want U, Here, is my toevlug. Die Allerhoogste het jy jou beskutting gemaak. ¹⁰Geen onheil sal jou tref en geen plaag naby jou tent kom nie; ¹¹want Hy sal sy engele aangaande jou bevel gee om jou te bewaar op al jou weë. ¹²Hulle sal jou op die hande dra, sodat jy jou voet teen geen klip stamp nie. ¹³Op die leeu en die adder sal jy trap, die jong leeu en die slang vertrap. ¹⁴“Omdat hy My liefhet”, sê God, “daarom sal Ek hom red; Ek sal hom beskerm, omdat hy my Naam ken. ¹⁵Hy sal My aanroep, en Ek sal hom verhoor; in die nood sal Ek by hom wees; Ek sal hom uitred en eer aan hom gee. ¹⁶Met lengte van dae sal Ek hom versadig, en Ek sal hom my heil laat sien”.

Dié Land is ons Land!

Nommer 23

Rhodesië

Die bedreiging van die Matabeles noord van die Limpopo was steeds 'n wesenlike gevaar. Dit het tot gevolg gehad dat Hendrik Potgieter in 1842 en 1847 weer met groot sukses strafekspedisies teen hulle onderneem het. Mzilikazi (Silkaats) het in 1853 'n verdrag met die ZAR gesluit waarvolgens hy onderneem het om nie weer teen enige Swart stamme suid van die Limpopo op te tree nie.

Hierdie vriendskapsband met die ZAR is deur sy opvolger, Lobengula, voortgesit en die Boere is toegelaat om gereeld oorkant die Limpopo te kom jag. Waar die ZAR deur die Londense Konvensie verbied is om verdrae met swart stamme in die ooste en weste te sluit, is niks oor die noorde gesê nie. Hy kon dus soontoe uitbrei as hy wou.

In 1887 het die Grobler-traktaat vroeëre ooreenkomste tussen die ZAR en die Matabeles bekragtig. Albei se onafhanklike status is erken, en Transvaalse Boere sou vrye toegang tot die gebied noord van die Limpopo hê.

Rhodes was erg gesteurd oor dié verdrag, en hy het agtereenvolgens in 1888 vir Moffat en Rudd gestuur om met Lobengula te onderhandel. Lobengula het tot die Grobler-verdrag gerepudieer en konsessies vir mineraalontginning aan Rhodes toegestaan. Gevolglik het Rhodes in 1889 die British South Africa Company gestig om die gebied noord van die Limpopo te ontgin. Dit het tot twee bloedige oorloë met die Matabeles gelei, naamlik in 1893 en 1896. Die Matabeles is verpletterend verslaan.

So het Rhodesië ontstaan met as suidgrens die Limpopo. Sodoende is Transvaalse uitbreiding na die noorde aan bande gelê en het die Limpopo die vaste noordelike grens van die ZAR geword.

Die Nieuwe Republiek

Die ZAR se doelstelling was om die see te bereik om onafhanklik van Britse handelsweë te word. In 1884 het genl. Lucas Meyer Dinizulu gehelp om aan bewind te kom. Hiervoor is hulle met grondgebied beloon en het Meyer die Nieuwe Republiek met Vryheid as hoofstad gestig.

Die grootste vrees wat Brittanje in hierdie jare gehad het, was juis dat die Boere en die Duitsers tot 'n verstandhouding kon kom. Na lang diplomatieke onderhandelinge het Brittanje met die ZAR 'n ooreenkoms aangegaan waarvolgens die hele Nieuwe Republiek in 1888 by die ZAR ingelyf is.

Boekresensie

‘n Kritiese valuering van die HNP Gedenkalbum

Die boek, die **HNP Gedenkalbum 'n Politieke voëlvlug oor vyftig jaar**, beslaan 388 bladsye en bevat 26 hoofstukke op glanspapier. Dit is geskryf deur mnr LJ van der Schyff.

Dit word in twee afdelings verdeel. Die eerste *'n politieke voëlvlug oor vyftig jaar* wat die rol van die HNP se verset teen die politieke verraad van die RSA uiteensit, asook die voortdurende beklemtoning van die belangrikheid van Afrikanernasionalisme, waarin ongetwyfeld uitnemend geslaag is. Dit is geskryf met die oog op veral oningeligtes en diegene wat al vergeet het.

Die tweede, wat oor *die HNP se strukture* handel, bevat sowel inligting oor die HNP se deelname aan algemene- en tussenverkiesings, asook die rol van dié Party se leiers, ampsdraers en lede in die stryd wat gestry is en steeds gestry word.

Die boek lyk soos 'n kunswerk en word verfraai deur 'n groot verskeidenheid foto's, oorwegend in kleur. Daar is ook voorsiening gemaak vir hoofsaaklik grepe uit toesprake van mnr Jaap Marais onder die opskrif *"Koers in die krisis"*, wat baie netjies en kleurvol daar uitsien. Die skrywer het 'n aangename en vloeiende skryfstyl en die boek lees gevolglik maklik.

Op bladsy 292 skryf mnr Van der Schyff tereg dat hy baie trots is dat hy hierdie *Gedenkalbum* geskryf het. Hy het alle rede om trots te wees, aangesien dit 'n pragstuk van 'n boek is wat nie net baie gepas was omdat dit gemik was op die viering van die HNP se vyftigste bestaansjaar nie, maar wat sonder enige twyfel sowel vir die belangstellende in die politieke geskiedenis sedert 1969 as diegene wat in die HNP belangstel, 'n groot aanwinst sal wees.

By die lees hiervan besef 'n mens ook maar net weer (sommige dalk vir die eerste keer) watter fenominale man mnr Jaap Marais was; een van die grootstes, indien nie die heel grootste nie, wat hierdie land opgelewer het.

Mnr Van der Schyff moet geluk gewens word dat hy hierdie gesaghebbende werk, én dit nogal in so 'n kort tydbestek, geskryf het. Die hoop kan net uitgespreek word dat die boek gelees sal word deur minstens sommige van die groot hoeveelheid oningeligte én onkundige persone wat nie werklik weet nie van die verraadpolitiek wat sedert 1969 plaasgevind het.

Dr Pieter Möller
Maart 2020



Die koste is R590 per boek. Koerier-koste is R100.

Bestellings en navrae:

Tel 079 752 4898
(voormiddag)
info@hnp.org.za